

DIE LASTIGE BURE OP DIE NOORDGRENS — I

Tot en met 1812 was die huidige Natal baie dig bevolk.¹ Dit was ook die jaar waarin Shaka bewind aanvaar het in die gebied ten noorde van die Tugela. Die verskillende stamme het baie naby mekaar gewoon en goeie buurmanskap was kenmerkend. Shaka het die bevolkingstruktuur, wat hoofsaaklik op vreedsame naasbestaan gebaseer was, geheel en al met sy uitdelgingsoorloë ontwrig. Peter Becker sien Natal na 1821 as „a country laid waste by Shaka's armies . . . apart from the few beggars who eked out a precarious existence in the vicinity of the port and a handful of half-starved wretches in the hills. Natal was denuded of inhabitants. Not a basket of grain could be gathered from the weed-infested fields or tumbledown settlements, and the only trace of cattle was the expanses of dung which here and there marked the sites of former cattle-folds”.²

Die eerste blankes wat in Natal aangekom het, het dié gebied in hierdie onbevolkte toestand aangetref. Bo en behalwe skipbreukelinge wat van tyd tot tyd in die gebied tussen die Tugela en die Umzimvubu voet aan wal gesit het, was dit eintlik handelaars wat in Natal op 'n meer permanente basis aangeland het. Henry Francis Fynn, die eerste blanke met wie Shaka in aanraking gekom het, was die eerste handelaar wat in dié gebied aangekom het.³ In Mei 1824⁴ kom Fynn en sy geselskap in Port Natal aan. Luitenant Farewell en sy geselskap van dertig sou spoedig volg. Hulle het die Kaap ses weke na die *Julia* in die *Ann* verlaat. Hierdie handelaars het maar te deeglik besef dat hulle toekoms in Natal eintlik bepaal sou word deur die Zoeloes wat in die gebied ten noorde van Natal gewoon het. Vandaar dan ook dat Fynn na sy aankoms byna onmiddellik met Shaka in aanraking probeer kom het.⁵ Vandaar ook dat Farewell uit die staanspoor uit 'n korrekte verhouding met Shaka wou opbou deur van hom 'n gebied met Port Natal as uitgang tot die see, te koop.⁶

Ofskoon Shaka hom nie eintlik laat bind het deur hierdie transaksie tussen hom en Farewell nie, was hy tog die blankes goedgesind. Shaka het geen vrees gehad vir die blankes wat na hierdie landstreek gekom het nie. Ritter meld onder andere dat nadat die Engelse Shaka se kraal

-
1. Holden, W. C.: *The Past and Future of the Kafir Races*, p. 131: „. . . the people as being like the blades of grass . . . innumerable, . . . like the forest leaves shaking in the wind. The people covered; the land the same as the bushes cover the land before you, . . .” (Hierdie woorde is na aanleiding van die aangetekende herinneringe van 'n ou Bantoe). Vgl. ook Hattersley, A. F.: *The British Settlement of Natal*, p. 8: „Theophilus Shepstone calculated that the population of Natal in the first decade of the 19th century was approximately one million, settled in 94 tribes, many of them quite small. On the other hand, a modern authority computes the inhabitants of Natal in the year 1816 at about 100,000.”
 2. Becker, P.: *Rule of Fear*, pp. 104-5. Vgl. in hierdie verband ook Stuart, J. en Malcolm, D. McK.: *The Diary of Henry Francis Fynn*, p. 55.
 3. Historia, Negende Jaargang, Nr. 2, pp. 129-35: Geyser, O.: *Die Eerste Blankes in Natal met Spesiale Verwyssing na die Farewell-Shaka-Ooreenkoms*.
 4. Vgl. hier Stuart en Malcolm: op. cit., p. 58, n. 2.
 5. Ritter, E. A.: *Shaka Zulu. The Rise of the Zulu Empire*, p. 255.
 6. Bryant, A. T.: *Olden Times in Zululand and Natal*, p. 581.

verlaat het, hy 'n vergadering van sy raad belê het met die doel om hulle te versoek om die blankes met die grootste agting en vriendelikheid te behandel, want „ . . . they have knowledge, and there is much we can learn from them”.⁷ Shaka het eintlik nie geweet wat die grondtransaksie tussen hom en Farewell beteken nie. Geen wonder dan ook dat Shaka vier jaar later na die ooreenkoms tussen hom en Farewell terwyl laasgenoemde tydelik uit Natal afwesig was, die gebied en regte wat hy aan Farewell toegesê het, nou aan Nathaniel Isaacs toegesê het.⁸

Dit was eintlik Shaka wat by Dingaan die vrees vir die blankes laat ontstaan het en wat aanleiding gegee het tot sy aggressiewe beleid teenoor die blankes in Natal. Terwyl Shaka se regimenter geleentheid op pad was na Portugees Oos-Afrika, het Dingaan, Mhlangana en Mbopha die aanslag op sy lewe gemaak. Ten tye van die aanslag het Shaka in Dukuza, die koninklike kraal, geleë tussen die iNonoti en die Umvoti, vertoef. In die skemeraand het die sluipmoordenaars op hom toegesak en hom verskeie kere met hulle kort assegaaie deurboor.⁹ Terwyl hy sterwende op die grond gelê het, het hy, so half-half op sy een arm gestut, na sy moordenaars omgedraai en met 'n laaste kraginspanning gesê: „Dit witman sal binnekort die hele land inneem”.¹⁰ Hierna het hy gesterf.

Daarna is aanvanklik gemeen dat Dingaan, Shaka se opvolger, 'n meer gematigde regeerder sou wees. Dit het egter spoedig geblyk dat net die teenoorgestelde die geval sou wees. Tirannie het inderdaad na Zoeloeland en Natal teruggekeer. Die nuus van skrikwekkende gebeure in Nobamba, Dingaan se hoofstat, het vinnig na die uithoek van Zoeloeland versprei. En toe daar nog boonop bekend word dat Dingaan van sy vertroueling in sleutelposisies aangestel het, het honderde Bantoe inderhaas die Tugela oorgesteek en Natal binnegedring.¹¹ In die omgewing van Port Natal het hulle hulle aangesluit by 'n klein kolonie Bantoe, oorspronklik vlugtelinge van die Shaka-regime, wat in vrede en voorspoed onder die beskerming van die Britse handelaars geleef het. Hierdie „feeble and frightened creatures” het hulle dan ook gereedlik aan die blankes by Port Natal onderwerp.¹² Laasgenoemde is natuurlik ook aansienlik deur die aankoms van hierdie vlugtelinge bevoordeel. Hulle was nou beter daartoe in staat om met behulp van hiérdie Bantoe weerstand teen moontlike agressie vanuit die omgewing te bied.

Wilde gerugte het nou die rondte begin doen: sommige het beweer dat Shaka na Zoeloeland teruggekeer het, terwyl ander weer op hulle beurt daarvan oortuig was dat Shaka inderdaad nooit dood was nie. Baie van dié wat vroeër Shaka se gunstelinge was, het heimlik die gedagte begin

7. Ritter, E. A.: op cit., p. 269.

8. Bryant, A. T.: op. cit., p. 585.

9. Becker, P.: op. cit., pp. 27-8. Vgl. ook Krige, E. J.: *The Social System of the Zulu*, p. 17.

10. Ritter, E. A.: op. cit., p. 349. Shaka het voorspel: „You think you will rule this country, but already I see the swallows coming. You will not rule it when I am dead . . . ” Vgl. ook Lugg, H. C.: *Historic Natal and Zululand*, p. 83.

11. Becker, P.: op. cit., p. 69.

12. Holden, W. C.: *History of the Colony of Natal*, p. 49.



Henry Francis Fynn

(Foto: *The Diary of Henry Francis Fynn*)

vertroetel dat die dae van weleer weer aan die terugkeer was. Soos baie ander sou ook hierdie Zoeloes, wat aanvanklik maar baie min waarde aan al die mooi beloftes van Dingaan geheg het, na Natal uitwyk, waar die Bantoe-nedersetting om Port Natal vinnig besig was om te groei. Terwyl almal met angs en bewing gewag het op die volgende aankondiging uit Nobamba, het verskrikking en 'n verterende onsekerheid oor Zoeloeland toegesak. Dit was ook ten tye van al hierdie woelinge, in die jaar 1829, dat Dingaan besluit het om 'n nuwe hoofstat aan te lê. Hierdie stat sou die naam emGungundlovu kry. emGungundlovu sou 'n geweldige groot militêre kraal wees, wat binne die volgende agt jaar die mees besproke, gevreesde en verfoeilikste plek in die hele suidelike Afrika geword het.¹³

Die Engelse handelaars by Port Natal het Dingaan se aktiwiteite fyn dopgehou, aangesien hulle eie toekoms in Natal in 'n baie groot mate deur Dingaan se gesindheid bepaal is.¹⁴ Aan Fynn en Isaacs „(he) declared


13. Becker, P.: op. cit., pp. 74-5. Vgl. ook Becker se: *Path of Blood*, p. 130.

14. Becker, P.: *Rule of Fear*, p. 88.

his implicit confidence in the white man of the Port, expressing a wish that George, their King, be informed both of the power and the riches enjoyed by the King of the Zulu and also of the great advantage to be derived by white men from trade in Zululand. Nothing would cause him, Dingane, greater joy than to have the whites of Natal bring regular consignments of European merchandise to emGungundlovu".¹⁵ Ten spyte van hierdie uiterlike toegeneentheid van Dingaan jeens die Engelse handelaars, en laasgenoemde se begeerte om op 'n goeie voet met die Zoeloe-opperhoof te wees, was die betrekings onderling deurentyd gespanne. Hulle moes spoedig ontdek dat van die verwagting dat Dingaan moontlik 'n meer gematigde regeerder as Shaka sal wees, niks sou kom nie.¹⁶ Geen wonder dan ook dat hierdie handelaars, in die lig van gebeure in Zoeloland en Natal, tot die gevolgtrekking moes kom dat „Dingane was a despot of the Shakan stamp".¹⁷ Ook sou hulle moes uitvind dat hierdie Zoeloe-vors 'n „hypocrite of the first order" was en dat hy geensins te vertrou is nie. Dit sou later ook die ondervinding en gevolgtrekking van die Voortrekkers in Natal wees.

Intussen het Pieter Lafraas Uys en 'n groepie verkenners vanuit die Kaapkolonie in Natal aangekom. Saam met twee ander kommissietrekke, is hulle die binneland ingestuur om vir die Boere uit die Kaapkolonie 'n nuwe en meer gesikte tuiste te soek. Dit was vir die Uys-kommessie 'n groot verrassing toe hulle die gebied tussen die Tugela en die Umzimvubu feitlik onbevolk aantref.¹⁸ Slegs by Port Natal het hulle 'n konsentrasie van Bantoe aangetref. Die geselskap uit die Kaapkolonie is baie vriendelik deur die Engelse handelaars by die hawe ontvang. Hulle het veral in Dick King 'n besonder hulpvaardige persoon gevind.¹⁹ Dit is te verstaan dat Dingaan spoedig kennis gedra het van die Boere se teenwoordigheid in Natal, asook die rede vir hulle kom na Natal. As gevolg van die same-loop van omstandighede, kon Piet Uys nie op uitnodiging van Dingaan emGungundlovu besoek nie. Indirek is egter van Dingaan verneem dat „(he) had agreed to provide the Boers with a vast territory extending from as having invited Piet Uys to return to Natal with a multitude of Boers",²⁰ the sea to the Drakensberg mountains. The King had been further reported In werklikheid was Dingaan egter vasbeslote dat hy nie sou toelaat dat daar in Natal 'n blanke nedersetting gevinst sou word nie.²¹ Die toekoms sou leer dat die Zoeloe-boodskappers die Uys-geselskap om die bos geleë het. Hoekom sou Dingaan dan nou ook so geredelik grondgebied aan die blankes afstaan as Shaka se laaste woorde nog gedurig deur sy kop gedwaal het?

15. Ibid.
16. Holden, W. C.: op. cit., p. 58.
17. Becker, P.: *Rule of Fear*, p. 122.
18. Holden, W. C.: op. cit., pp. 48-50.
19. Becker, P.: op. cit., p. 156.
20. Stander, H.: *Die Verhouding tussen die Boere en Zoeloe tot die dood van Mpanda in 1872*, p. 29.
21. Becker, P.: op. cit., p. 157.



*Cethswayo, die laaste Zoeloe-opperhoof
(Foto: Staatsargief, Kaapstad)*

Fynn self het min hoop gehad vir 'n toekomstige Emigrante-gemeenskap in Natal. Hy was self van plan om Natal permanent te verlaat. Hy was ook daarvan oortuig dat Dingaan vroeër of later op dié gebied en sy inwoners sou toesak, wat vroeër onder absolute beheer van Shaka was. Ook die handelaar John Collins het bedenkings gehad ten opsigte van die Emigrante se toekoms in Natal, gesien veral in die lig daarvan dat Zoeloe-vlugtelinge in 'n toenemende mate Natel binnegestroom het. Dit het ook bekend geword dat een van Dingaan se regemente gedros het en dat hierdie krygsmanne hulle êrens in Natal verskuil. Dit was ook bekend dat Dingaan in die afgelope tyd in toenemende mate dit moeilik vind om sy oorlogsguitige jong regemente in toom te hou. Een of ander tyd sou hy moes gehoor gee aan hulle versoek om toe te slaan op naburige en aangrensende stamme, insluitende dié in Natal.

Intussen het die Voortrekkers vanaf Thaba Nchu oor die Drakensberge Natal binnegekom. By Thaba Nchu is Piet Retief deur die Trekkers as

goewerneur gekies. Uit die staanspoor wou hy 'n aanvaarbare en korrekte verhouding met die Bantoe opbou en handhaaf. „Wy hebben besloten,” het Retief destyds in sy Manifes verklaar, „dat alwaar wy ook gaan mogen, wy de regtverdige grondregelen van vryheid zullen ophouden; . . .”²² Sy belangrikste en moeilikste taak sou wees om van Dingaan, die slinkse en wispelтурige Zoeloe-opperhoof, 'n gebied te kry waar hulle hulle permanent kon vestig. Die verraderlike moord op hom en sy gevolg op 6 Februarie 1838 deur die hand van Dingaan en sy bloeddorstige volgelinge,²³ het die Emigrante in Natal moedeloos en leierloos gelaat. Die berig dat die heer Andries Pretorius, 'n gesiene boer uit die Graaff-Reinet-distrik, hom die uitnodiging om as leier van die Emigrante in Natal op te tree, laat welgeval het, het sake in 'n baie meer optimistiese lig gestel. Daar sou egter nog maande verloop Alvorens Pretorius in Natal sou aankom. Ten einde hulle te beskerm teen moontlike Zoeloe-aanvalle, moes die Emigrante vir 'n geruime tyd die ongerief van militêre laers verduur.

Die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 was die bepalende faktor vir die voortbestaan van die blanke in Natal. Alhoewel Dingaan se mag by Bloedrivier nie finaal gebreek is nie, is die Zoeloe-gevaar tog tydelik afgeweer. Die Trekkers sou nou vir die eerste keer werklik ernstig aandag kon gee aan die vestiging en opbou van die beoogde republiek in Natal. Een van die belangrikste sake wat aandag sou moes kry, was die bepaling van 'n vaste beleid teenoor die Bantoe op die Noordgrens. Die Bantoe ten suide van Natal was minder aggressief as dié in die noorde. Om hierdie rede was die Pondo's onder Faku nie vir die blankes so 'n onmidellike groot gevaar nie.

Dit was kaptein Jervis, die Britse bevelvoerder by Port Natal, wat hom dit ten doen gestel het om vrede tussen die Emigrante en die Zoeloes tot stand te bring. Hy het 'n uitnodiging aan Andries Pretorius gerig om afgevaardigdes van Dingaan by Port Natal te ontmoet, ten einde vredesbepalings te bespreek. Pretorius het hom hierdie uitnodiging laat welgeval. Ten tye van hierdie samesprekings by Port Natal, is daar ooreengekom dat daar vrede tussen die twee partye sal wees. Die Zoeloes het onder andere ook onderneem om in vrede met alle nasies te leef met wie die Emigrante bevriend was. Op hulle beurt weer het die blankes in Natal onderneem om die Zoeloes in 'n defensiewe oorlog by te staan. Pretorius het dit baie duidelik gestel dat Dingaan geen aanspraak sou kon maak op die Bantoe wat binne die grense van die Republiek woonagtig was nie. Die Tugela is aangewys as die grens tussen Natal en Zoeloland. Elke Zoeloe wat suid van die Tugela sonder verlof aangetref sou word, sal doodgeskiet word. Sou 'n emigrant aan die noordekant van die grens aangetref word, moes hy vir straf aan die Volksraad in Pietermaritzburg uitgelever word. Volgens die gesante was Dingaan bereid om die vee en ander goedere wat van die Emigrante geroof is, terug te gee.²⁴ Op 14 Mei 1839 het die Volksraad die ooreenkoms met sekere wysigings goedgekeur.

22. *Zuid-Afrikaan*, 17 Febr. 1837. Soos aangehaal deur Muller, C. F. J.: *Die Britse Owerheid en die Groot Trek*, p. 86.

23. Du Plessis, A. J.: *Die Republiek Natalia*, pp. 125-6.

24. Preller, G.: *Andries Pretorius*, pp. 81-8. Vgl. ook Du Plessis, A. J.: op. cit., p. 142.

Die vasstelling van die noordgrens langs die Swart Umfolozi, was die ver-naamste verandering. Daar sou egter geen vrede wees alvorens die gesteelde goedere aan die Voortrekkers terugbesorg is nie.

In hierdie dae het daar in die gebied ten noorde van Natal interessante verwikkellings plaasgevind. Panda, die jonger halfbroer van Dingaan, het in die laaste helfte van die jaar 1839 met 17,000 volgelinge en al hulle vee van laasgenoemde weggebreek. Die Voortrekkers het egter uit dure ondervinding geleer dat 'n Zoeloe-vors nie vertrou kan word nie. Om hierdie rede is Panda dan ook met agterdog bejeen.²⁵ Nadat Panda hom in Oktober ten suide van die Tugela gevestig het, skaars dertig myl van Port Natal, het die Volksraad in die begin van Oktober besluit: „Dat den Solas opperhoofd Panda niet zal toegelaten worden aan deze zijde Tugela te verblijven, en wanneer hij onwillig is dan met geweld door te drijven”.²⁶

Nadat Panda egter sy vredsame bedoelings persoonlik aan die Volksraad voorgelê het, is daar besluit om hom toe te laat om hom en sy mense tydelik ten suide van die Tugela te vestig.²⁷ Panda het die versekering gekry dat hy altyd op die beskerming van die Voortrekkers kon staan maak, so lank as wat hy hom as getroue bondgenoot sou gedra. Dit is duidelik dat die Trekkers van hierdie bondgenootskap gebruik sou kon maak, aangesien Dingaan nou op hierdie stadium 'n gemeenskaplike gevaaar en bedreiging was. Om hierdie rede is 'n Volksraadskommissie onder leiding van landdros Frans Roos, op 21 Oktober 1839 na Panda afgevaardig ten einde die bondgenootskap verder uit te bou.²⁸ Die uiteinde van hierdie samesprekings was 'n ooreenkoms tussen die Voortrekkers en Panda om 'n gesamentlike aanval op Dingaan te maak.²⁹ Hierdie bondgenootskap het uitgeeloop op die totale vernietiging van Dingaan se invloed en mag in Zoeloeland en Natal.³⁰

Na hierdie finale uitskakeling van Dingaan se mag en invloed in suidelike Afrika, het Pretorius sy belofte, nl. dat hy, nadat Dingaan verslaan is, Panda as opperhoof van die Zoeloe te verklaar, nagekom.³¹ Hierdie erkenning van die opperhoofskap van die Zoeloes het egter met dié voorbehou geskied, dat hy, Panda, „in het vervolg, geene vrouw, kind of weerloze ouden zal toelaten te vermoorden; en geen oorlog of vyandelykheid

25. Agar-Hamilton, J. A. J.: *The Native Policy of the Voortrekkers*, p. 29. Vgl. ook, Bird, J.: *Annals of Natal*, p. 236 — Mededelings van Willem Jurgens Pretorius.
26. *Voortrekker Wetgewing*, p. 13. Resolusie 6. Vgl. ook Bird, J.: op. cit., p. 553 en Mann, R. J.: *The Colony of Natal*, p. 20. Verder ook Stander, H.: op. cit., p. 100 en *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Natal Nr. 1, p. 18.
27. *Voortrekker Wetgewing*, pp. 15-19. Vgl. ook Du Plessis, A. J.: op. cit., p. 146 en Agar-Hamilton, J. A. I.: op. cit., pp. 31-32.
28. Bird, J.: op. cit., pp. 556-61 — Mededelings van M. A. Delagorgue. Vgl. ook Stander, H.: op. cit., pp. 103-4.
29. Bird, J.: op. cit., p. 559. Mededelings van Delagorgue: „Several secret clauses were adopted by him, to which effect was to be given in the event of success, clauses of the highest importance to the farmers, as for instance the cession of the bay of St. Lucia.” Vgl. ook Du Plessis, A. T.: op. cit., p. 147 en Becker, P.: op. cit., p. 248.
30. Becker, P.: op. cit., pp. 249-53. Vgl. ook Bird, J.: op. cit., p. 592 — „Journal of the Commando under Chief Commandant Pretorius against Dingaan.”
31. Bird, J.: op. cit., pp. 574 en 592. Vgl. ook Becker, P.: op. cit., p. 253.

met eenig naburig Opperhoofd of Volk stammen, zonder voorkennis en bewilliging van den Volksraad, te zullen gedogen".³² Panda het hierdie vassalskap van die Republiek Natalia met die grootste blymoedigheid aanvaar, en verklaar dat, „Should any nation or people attempt to do you any injury, you have only to apprise me thereof, and depend upon it that I shall immediately order my whole force to assist you, and for your sake sacrifice my whole army to a man; . . . ”³³

Toe Dingaan in 1838 Natal aan Retief afgestaan het, het hy afstand gedaan van 'n landstreek wat feitlik verlate was.³⁴ Hierdie onvoorwaardelike sessie aan Retief het alle vorige sessies en aansprake van die kant van die Engelse handelaars by Port Natal op hierdie gebied, gekanselleer. Panda het dan ook later hierdie sessie van Dingaan aan Retief bekragtig.³⁵

Vir die omliggende Bantoe wat nog onder die tirannieke bewind van opperhoofde gestaan het, het Natal Utopia blyk te wees. Die kalmte, vrede en voorspoed wat deur die Trekkers na Natal gebring is, het die Bantoe-vlugtelinge uit hulle skuilplekke tevoorskyn laat kom en hulle in Natal laat vestig. Van die begin af was die instromende Bantoe vir die Voortrekkers 'n groot probleem. Hulle is egter nie toegelaat om hierdie probleem na behore op te los nie. Toe Engeland Natal op 12 Mei 1843 as Britse kolonie geproklameer het, het hulle 'n geværlike en moeilike probleem geërf.

Reeds voor die amptelike besetting van Natal is daar al op die groot bedreiging gewys wat die voortvlugtendes uit die omliggende gebiede vir Natal ingehou het.³⁶ Die Kaapse goewerneur, sir Peregrine Maitland, het daarop gewys dat dit dringend noodsaaklik was dat die Engelse regering 'n sterk militêre mag in Natal moet vestig en ook emigrasie uit Engeland na Natal moet aanmoedig. Eers dan, so het hy gemeen, sou die gevær uit die grensgebiede moontlik die hoof gebied kon word, en sou die kolonisasie van Natal suksesvol kon wees.³⁷ Dit was luitenant-goewerneur Martin West wat ernstig gepleit het vir berede manskappe wat Natal kon verdedig. Hy meld dat nie minder as tweehonderd manskappe vir hierdie taak nodig sou wees nie.³⁸ Uit die aard van die saak was Maitland die hele aangeleentheid insake die interne verdediging van Natal besonder simpatiek gesind. In 'n skrywe aan West gee hy hom die versekering dat hy wel deeglik van die probleme en gevare bewus is waarop die Luitenant-goewerneur hom gewys het.³⁹ Hy het beloof om die sekretaris vir kolonies

32. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Natal Nr. 1. Notule van die Volksraad, 1838-1845, p. 310. Vgl. ook Bird, J.: op. cit., p. 575 en Du Plessis, A. J.: op. cit., p. 148.

33. Bird, J.: op. cit., pp. 575 en 592. Vgl. ook Becker, P.: op. cit., p. 253.

34. Holden, W. C.: *History of the Colony of Natal*, p. 49. Vgl. ook Hattersley, A. F.: *More Annals of Natal*, p. 234 en *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Natal Nr. 1. Notule van die Volksraad, 1838-1845, p. 323.

35. *Voortrekker Wetgewing*, pp. 18-19. Soos aangehaal deur Van Biljon, P.: *Grens-bakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika*, p. 237.

36. B.P.P.: *Correspondence Relative to the Settlement of Natal*. Stanley aan Maitland, 25 Mei 1844.

37. Ibid., Maitland aan Gladstone, 11 April 1846.

38. Ibid., West aan Maitland, 11 April 1846.

39. Ibid., Maitland aan West, 26 Mei 1846.

onverwyld van dié toedrag van sake in kennis te stel. Hy het egter bygevoeg dat hy nie veel hoop het dat die militêre mag in Natal vergroot sal word nie.

In September 1846 het Maitland in 'n skrywe aan West 'n paragraaf aangehaal uit 'n brief wat hy van Gladstone, die Britse staatssekretaris, ontvang het. Dit was in verband met die vergroting van die militêre mag in Natal: „Under any circumstances however, I trust that Lieutenant Governor West will use his best endeavours so to shape his proceedings, as to avoid having recourse to any hostilities with the Zoolahs, or to interfere with the Kafir Chief Panda and his subjects or between Panda and the adjacent Kafir Tribes”.⁴⁰

Indien hulle nie met die Zoeloës sou bots nie, so is waarskynlik aanvanklik gemeen, sou dit nie nodig wees om geld aan militarisasie te bestee nie. Sir Henry Pottinger, die nuwe Kaapse goewerneur, het dit in Julie 1847 egter van die grootste belang geag dat die militêre mag in Natal versterk moet word, aangesien die dringende houding van Panda 'n negatiewe invloed op die Voortrekker in Natal kon hê, asook op die Bantoe in die algemeen. Vervolgens vra hy dringend in 'n brief aan Graaf Grey, die koloniale sekretaris, om só 'n versterking vir die gebied tussen die Tugela en die Umzimvubu.⁴¹

Dr. O. Geyser.

40. G.H.: High Commissioner for Southern Africa. Despatches. Maitland aan West, 21 September 1846.

41. Ibid., 13 Julie 1847.